higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## NASIONALE SERTIFIKAAT

# KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE N6

(4010196)

**8 September 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

006Q1B2008

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Persoon of maatskappy wat ‘n kontrak nakom (‘execute’):

A Kontrakterende party
B Kontrakteur (Contractor’)
C Kontrakgewer (‘Contractee’)
D Kontrakdebiteur (‘Contract debtor’)

1.1.2 Produksievertragings veroorsaak’n …

A ongunstige materiaalhoeveelheidsafwyking.
B ongunstige afwyking in arbeidsprestasie.
C gunstige afwyking in arbeidsprestasie.
D gunstige afwyking in arbeidskoers.

1.1.3 EEN van die volgende is nie ‘n kenmerk van die grenskosprysberekeningsmetode nie:

A Vaste koste word verhaal volgens die getal eenhede vervaardig.
B Vaste bokoste word gehef teen inkomste wanneer koste
C aangegaan word.
D Vaste koste word verhaal volgens die eenhede verkoop.
Vaste koste word aangegaan om vervaardigingskapasiteit te verkry.

1.1.4 Betaling op verskillende stadiums deur die kontrakterende party:

A Tenderprys
B Ongesertifiseerde betaling
C Vorderingsbetaling
D Ekstra werksbetaling

1.1.5 ‘n Gelykbreekontleding toon die volgende inligting:

*BEQ* = 700; *TFC* = 28 000; *SP/U* = 15

Wat is die marginale inkomste per eenheid?

A R4
B R11
C R15
D R21 000

1.1.6 Totale wins wat voltooide deel van werk op 'n sekere datum weerspieël:

A Retensiegeld
B Gebeurlikheidsgeld ('Contingency money')
C Toedeelbare wins ('Attributable profit')
D Voorsorg vir latente defekte

1.1.7 As die kontrakprys gelyk is aan die gesertifiseerde werkshoeveelheid, beteken dit die …

A werk moet nog voltooi word.
B kontrak is voltooi.
C kontrakgewer het wins verbeur.
D kontrak is nie betyds voltooi nie.

1.1.8 Verkope minus vervaardigingskoste is gelyk aan …

A bruto wins.
B marginale inkomste.
C netto wins.
D netto inkoste.

1.1.9 Voordeel van direkte kosteberekeningsmetode:

A Vaste bokoste is gekoppel aan spesifieke aktiwiteit.
B Inkomste word beter gepas by uitgawes.
C Vaste bokoste word eweredig versprei oor die getal eenhede wat geproduseer word.
D Daar sal geen onder- of ooraangewende vaste bokoste ('applied fixed overheads') wees nie, omdat dit as geheel aangewend is.

1.1.10 TWEE metodes vir kontrakrekeningkunde ('contract accounting'):

A Gesertifiseerde en ongesertifiseerde werk
B Ekstra werk en koste tot op datum
C Vastepryskontrak en kostepluskontrak
D Direkte en indirekte kontrakkosteberekening

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan watter van die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Verkoopsbegrotings gee besonderhede oor kwitansies en betalings vir 'n spesifieke toekomstige periode.

1.2.2 'n Sakeonderneming is by ewewigspunt wanneer die uitgawes gelyk is aan die inkomste.

Kopiereg voorbehou

1.2.3 ‘n Verkoopsbegroting bepaal hoeveel grondstowwe nodig is vir beplande produksie.

1.2.4 Kapitaalbegrotings word opgestel om te help met besluite oor beleggings in grond, geboue en die vervanging van ander duur vaste bates.

1.2.5 Marginale kosteberekening is ook bekend as integrale kosteberekening.

1.2.6 Direkte en indirekte grondstowwe kan nie albei in die kontrolerekening vir grondstowwe aangeteken word nie.

1.2.7 Slegte skuld beïnvloed die kontantbegroting.

1.2.8 Direkte grondstowwe, direkte arbeid en bedryfsbokoste is elemente van produksiekoste.

1.2.9 Veranderlike koste verskil volgens die vlak van aktiwiteit.

1.2.10 Retensiegeld verwys van die deel van die wins wat deur die kotrakgewer teruggehou word in geval van defektiewe arbeid.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies ‘n term uit KOLOM B om by ‘n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Vergelyking van werklike koste met standaardkoste | A | dividende |
| 1.3.2 | Verskille tussen verkope en gelykbreekwaarde | B | gunstig |
| 1.3.3 | Werk onder hande | C | ongesertifiseer |
| 1.3.4 | Werklike koste minder as standaardkoste | D | kostekontrole |
| 1.3.5 | Gedeelte van maatskappywins betaal aan aandeelhouers | E | veiligheidsmarge |

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou 

1.4 Gebruik die inligting hier onder om die vrae te beantwoord.

| | |
|---|---|
| Kontrakprys | 2 500 000 |
| Ekstras | 250 000 |
| Totale koste tot op datum | 900 000 |
| Voorsiening vir latente defekte (10% van wins) | 5 000 |
| Gesertifiseerde werk | 425 000 |
| Kontant ontvang | 400 000 |

Bereken elk van die volgende:

1.4.1 Aangepaste wins op kontrak

1.4.2 Voorsiening vir latente defekte as retensiegeld gebruik word (2 × 5) (10)

1.5 Hier onder is die berekende bokostekoersafwyking.

(*SR* – *AR*)*AT*
= (R3,50 – 3,90) 165 000
= (0,40)165 000
= R66 000 ongunstig

**LET WEL**: Begrote arbeidsure = 125 000

Bereken elk van die volgende:

1.5.1 Begrote veranderlike bokoste (2)

1.5.2 Werklike veranderlike bokoste (3)

1.6 Bestudeer die inligting hier onder en beantwoord die vrae.

| | |
|---|---|
| Balans *b/d* | |
| Grondstowwe | 250 000 |
| Arbeid | 900 000 |

Addisionele inligting:

Vervaardigingsbokoste word verhaal teen 130% van direkte grondstofkoste.

5 750 eenhede is vervaardig.

Bereken elk van die volgende:

1.6.1 Vervaardigingsbokoste (3)

1.6.2 Produksiekoste (5)

1.6.3 Koste per eenheid (2)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

Hier onder is ‘n uittreksel uit die rekords van Naidoo’s, ‘n maatskappy wat grondboontjiebotter vervaardig.

STANDAARDINLIGTING
Die maatskappy gebruik 20 kg suiker per eenheid teen ‘n stanaardkoers van R10,00 per kg en 2,5 kg grondboontjies teen R50,00 per kg.

2 arbeidsure en 30 minutes is nodig om EEN eenheid teen ‘n standaardkoers van R30,00 per uur te produseer.

Die werklike rekords van die sakeonderneming wys die volgende:

150 eenhede is geproduseer.

3 300 kg suiker en 255 kg grondboontjies is gebruik.

1 500 kg suiker is teen R9,50 per kg en 50 kg grondboontjies teen R52,50 per kg gekoop.

400 arbeidsure is gewerk teen ‘n totale koste van R18 000.

| | | |
|---|---|---|
| Vaste bokoste | : | R33 000 |
| Veranderlike bokoste | : | R26 500 |

Begrote inligting:

| | | |
|---|---|---|
| Vaste bokoste | : | R38 500 |
| Veranderlike bokoste | : | R20 250 |

Arbeidsure: 350

GEVRA:

Bereken die volgende veranderlikes en dui aan of elke afwyking gunstig of ongunstig is:

2.1 Grondstofprys vir suiker

2.2 Hoeveelheid grondstof vir grondboontjies

2.3 Arbeidskoers

2.4 Arbeidseffektiwiteit

2.5 Veranderlike vervaardigingsbokostekoersafwyking

2.6 Veranderlike vervaardigingsbokoste-effektiwiteitsafwyking

(6 × 5) **[30]**

**VRAAG 3**

Hier onder is 'n uittreksel uit die rekords van Smith Ltd vir die tweede kwartaal van 2018.

| | BEDRAG |
|---|---|
| Gunstige bankbalans op 1 April 2018 | 80 000 |
| Rente betaalbaar in Mei 2018 | 15 000 |
| Voertuig kontant gekoop op 1 April 2018 | 35 000 |
| Maandelikse salarisse | 25 000 |

ANDER WERKLIKE EN BEGROTE INLIGTING

| | WERKLIK | | BEGROTE | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Februarie | Maart | April | Mei | Junie |
| Verkope | 400 000 | 450 000 | 500 000 | 550 000 | 600 000 |
| Aankope | 250 000 | 300 000 | 350 000 | 400 000 | 450 000 |
| Depresiasie | 10 000 | 10 000 | 10 000 | 10 000 | 10 000 |

ADDISIONELE INLIGTING

1. 45% van alle verkope is op krediet.

2. Insameling van debiteure is soos volg:

   - 30% tydens maand van verkope
   - 25% in maand ná verkope
   - 35% in tweede maand ná verkope
   - 5% in derde maand ná verkope
   - Die res is oninbare skuld ('bad debts')

3. 10% afslag word toegelaat op kontantverkope.

4. Dit is maatskappybeleid dat salarisse jaarliks in Mei met 8,5% verhoog word.

5. 50% van alle aankope is op krediet en word in die maand na die aankoop betaal.

GEVRA

Stel die volgende op:

3.1 Debiteureinsamelingskedule vir tweede kwartaal (10)

3.2 Kontantbegroting vit April, Mei en Junie 2018 (20)
**[30]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4**

Hier onder is die resultate van die finansiële rekords van Capricorn Pioneers, vervaardigers van babapoppe, vir Februarie 2018.

| | |
|---|---|
| Totale verkope in eenhede | 50 000 |
| Veranderlike vervaardigingsbokoste | R55 000 |
| Vaste vervaardigingsbokoste | R30 500 |
| Administratiewe koste (45% vas) | R40 000 |
| Advertensiekoste (75% veranderlik) | R35 000 |
| Verkoopskoste (50% vas) | R43 650 |
| Direkte arbeid | R85 000 |
| Direkte grondstowwe | R150 000 |
| Verkoopsprys per eenheid | R65,00 |

4.1 Berei die inkomstestaat voor van Capricorn Pioneers volgens die absorpsiemetode. (10)

4.2 Die inligting hier onder is verkry van T&T Spare Parts vir die finasiële tydperk Maart 2018.

| | |
|---|---|
| Totale verkope in eenheid | R100 |
| Totale vaste koste | R25 000 |
| Veranderlike koste per eenheid | R45 |
| Getal eenhede verkoop | 1 250 |

Bereken die volgende en rond syfers af tot die naaste rand:

4.2.1 Gelykbreekhoeveelheid (5)

4.2.2 Gelykbreekwaarde (5)

4.2.3 Marge van veiligheidsverhouding (‘Margin of safety ratio’) (3)

4.3 Trek die gelykbreekgrafiek (7)
**[30]**

## VRAAG 5

5.1 Die volgende is addisionele inligting oor die resultate van die finansiële rekords vir Februarie 2018 van Capricorn Pioneers:

| | |
|---|---|
| Totale kontrakprys | 880 000 |
| Koste aangegaan | 450 000 |
| Toekomstige koste | 385 000 |
| Gesertifiseerde werk | 650 000 |
| Kontant ontvang | 550 000 |
| Voorsiening vir defekte | 3% van gesertifiseerde werk |
| Ekstras | 30 000 |

Bereken elk van die volgende:

5.1.1 % voltooiing van kontrak. Gebruik die volgende formule:

$$\frac{\text{Koste tot op datum}}{\text{Totale kontrakkoste}} \times \frac{100}{1}$$ (3)

5.1.2 Totale geskatte wins ('estimated profit') (5)

5.1.3 Wins vir die jaar. Gebruik die volgende formule:

$$\text{\% voltooi} \times \frac{\text{totale geskatte wins}}{1} \times \frac{\text{kontant ontvang}}{\text{gesertifiseerde werk}}$$ (8)

5.1.4 Aangepaste wins vir die jaar, met inagneming van die voorsiening vir latente defekte (4)

5.2 Hier onder is die resultate van Gift Producers vir die finansiële jaar geëindig April 2018.

| BESONDERHEDE | |
|---|---|
| Kontrakprys | R6 000 000 |
| Materiaal uitgereik | R1 100 000 |
| Salarisse betaal | R900 000 |
| Bokoste | R1 000 000 |
| Materiaal teruggestuur aan verskaffers | R120 000 |
| Masjineriebalans: 01/05/17 | R650 000 |
| Masjineriebalans: 31/04/18 | R475 000 |
| Gesertifiseerde werk | R3 500 000 |
| Ongesertifiseerde werk | R50 000 |
| Kontant ontvang | R2 500 000 |
| Ekstras | R600 000 |
| Voorsiening vir latente defekte | 6,5% van wins |

Stel die kontrakrekening op vir Gift Producers vir die jaar geëindig 31 April 2018. (10)

**[30]**

**VRAAG 6**

6.1 Vhafamadi Manufactures maak denimskoene. Hulle is tans besig met twee werke, YY50 en YY60.

| | |
|---|---:|
| Werk YY50 | **45 000** |
| Grondstowwe | |
| Denim | 15 000 |
| Skoenveters | 5 250 |

Balans 1 Mei 2017

Transaksies deur die jaar

| | DENIM | SKOENVETERS |
|---|---:|---:|
| Aankope | 75 000 | 30 000 |
| Uitreikings: | | |
| Werk YY50 | 25 000 | 5 000 |
| Werk YY60 | 30 000 | 3 500 |

Addisionele inligting:

- Alle aankope is op krediet.
- Aankope van indirekte grondstof deur die jaar was R15 000.
- Deur die jaar is 'n totaal van R10 000 indirekte grondstof aan produksie uitgereik.
- Direkte arbeidskoste aangegaan gedurende die jaar is R35 000 teen 3 500 ure gewerk tydens die tydperk.
- Opsomming van arbeidsure:
  Werk YY50 1 500 uur
  Werk YY60 2 000 uur
- Bokoste is aangewend ('applied') teen 65% van direkte arbeidskoste.

Teken die transaksies aan in die algemene joernaal (slegs grondstowwe) (11)

6.2 Teken die volgende transaksies aan in die algemene grootboek:

6.2.1 Grondstofkontrolerekening (7)

6.2.2 Produksiekontrolerekening (6)

6.2.3 Toon die rekening vir Werk YY 50 in die kostegrootboek ('cost ledger') (6)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou